HOËRSKOOL
# BREDASDORP
HIGH SCHOOL

**Nuusbrief**
**Newsletter**

7 | 2026
06 |03 | 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Vry. 6 Mrt: Boland Hokkieproewe in Hermanus (So.14 & Do.19 )
Sat. 7 Mrt: Rugby: o.19A-wedstryd by Outeniqua-fees
Hokkie: SPAR-toernooi vir Dogters o.16-span
Skaak: Overberg-proewe Rondte 2
So. 8 Mrt: Hokkie: SPAR-toernooi vir Dogters o.19-span
Boland Hokkieproewe in Hermanus (S o.16 en o.18)
Argus Fietstoer
Ma. 9 Mrt: Toetsreeks begin
Di. 10 Mrt: Gr 8-toelating vir 2027 open aanlyn
Gr 10 Toerisme-uitstappie
Vry. & Sat,13-14 Mrt: Wes-Kaap Atletiek ASA Jeugkampioenskappe
Vry. 13 Mrt: Boland Hokkieproewe in Hermanus (Do.14 en o.16)
Sat. 14 Mrt: Robbiefees (HS Robertson) rugby, netbal, hokkie

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

Sa. 7 Mrt: Augusta Moos (Heldersig Koshuis)

## AKADEMIE

**SKEPPENDE KUNS: DRAMA**

Die gr 9's het hierdie kwartaal vir hul drama-taak (deel van Skeppende Kunste), onder die bekwame leiding van juf Karlie Liebenberg, volksverhale opgevoer.
Die leerders moes hul eie storie skryf en hul eie kostuums en rekwisiete bring. Hulle kreatiewe uitbeelding van bekende volksverhale, bv. Die drie varkies, Die drie beertjies en Goue Lokkies, asook ander minder bekende verhale, het vir groot vermaak en pret gesorg. Ons gr 9's is beslis baie kreatief.






## ALGEMENE NUUS

**RUGBY GESINSAAND 2026**

Hoërskool Bredasdorp in samewerking met **Packtown** se jaarlikse Rugby Gesinsaand op Vrydag, 27 Februarie 2026, was 'n gesellige saamkuier geleentheid. Al die ouderdomsgroepe is aan die ouers voorgestel. Me Corné Retief, 'n plaaslike fisioterapeut, het as gasspreker met die spelers en ouers gepraat oor die sinvolle gebruik van verskillende soorte pleisters wat beskikbaar is. Die funksie van elkeen is ook bespreek. Die spelrooster vir 2026 is aan die ouers voorgehou. Daarna het almal 'n heerlike bord kos, wat deur Antoinette Events voorberei is, geniet.
Elke afrigter, speler en ouer het tevrede huiswaarts gekeer en kan nie wag vir die 2026-seisoen om te begin nie. Ons opregte dank aan **Packtown** wat die aand geborg het.
Een van die aand se hoogtepunte was beslis die veiling wat ten bate van HSB se eerstespan kleedkamer, gehou is.
Baie dankie aan mnr Thys Kriel wat voorgevat het met die reëlings vir hierdie genotvolle aand.

## BAKSTEENPROJEK SKEP GEES

Die BD's het onder luide toejuiging en groot gelag nog fondse ingesamel vir die baksteenprojek deurdat hul donasies geskenk het wat vereis dat sekere onderwysers op die verhoog dans en ander se hare gekleur word.
Dit was beslis nie net 'n kreatiewe manier van fondse insamel nie, maar dit het sommer die dag afgeskop met hul onblusbare BD-gees.






## KULTUUR

### REDENAARS

Hoërskool Bredasdorp spog met bedrewe BD-sprekers. Twaalf BD's het op 27 Februarie verskeie interessante onderwerpe aangespreek by die jaarlikse kleureredenaars. Ons is besonder trots op almal wat die moed het om voor 'n vol skoolsaal oortuigend hulle sê te sê.



The three Gold team orators were:
Simika Nariandas (3rd), Janíke van Wyk (2nd), Nontle Xamlayo (winner)



Die drie beste Blouspan-sprekers was:
Daniël Fourie (3de), Joeke Lubbe (2de), Leslie-Ann Janse van Rensburg (wenner)



Agter vlnr: Mikayla de Jager (Blue, gr 11), Erin Appel (Blue, gr 9), Jack Wessels (Goud, gr 8), Daniël Fourie (Blou, gr 10), Leslie-Ann Janse van Rensburg (Blou, gr 10)
Voor vlnr: Cordia Walters (Gold, gr 9), Lucy Turvey (Gold, gr 11), Joeke Lubbe (Blou, gr 8), Simika Nariandas (Gold, gr 12), Janíke van Wyk (Goud, gr 9), Nontlé Xamlayo (Gold, gr 11)
Afwesig: Kalipa Siyongwana (Gold, gr 11)

## PERSONEEL



Baie geluk aan me Aliesha Odendaal wat as sameroeper (convenor) van die o.14- tot o.19 Wes-Kaap netbalspanne gekies is.

Die SA Netbalkampioenskappe vind in die Junie-vakansie plaas.

Ons vertrou dat alles seepglad sal verloop en wens haar sterkte toe.

**KWARTAALTEMA**
**Wees 'n leier**



SPORT

## ATLETIEK

**BD's IN BOLANDSPAN**

'n Kombinasie van talent en harde werk het beslis vanjaar daartoe bygedra dat nege BD-atlete in die Bolandspan opgeneem is na hul deelname aan die Boland Atletiekbyeenkoms in Dal Josafat (26-28 Februarie). Baie geluk aan die volgende BD-atlete:

| | | | |
|---|---|---|---|
| D.15 | Carli Wessels | Diskusgooi | 3de, 28,47m |
| S.15 | Khazimla Duti | 5000m Stap | 2de, 27:22.00min |
| | Gervinnio Stuart | Driesprong | 2de, 12,18m |
| D.17 | Christelize Kotze | 400mH | 3de, 69,43s |
| | | Hoogspring | 2de, 1,63m |
| | Alicia Mukaratirwa | 400m | 2de, 59,72s |
| S.17 | Waylon Abrahams | 400mH | 3de. 56,78s |
| D.19 | Anzea Coetzee | 800m | 2de, 2:28.27min |
| | Palesa Namise | Diskusgooi | 2de, 30.48m |
| S.19 | Urlinn Henecke | 100m | 2de, 10,72s |
| | | 200m | 2de, 22,09s |

## KARATE

Evah Meyer, a grade 12 BD, proved that hard work and dedication do pay off when she proudly brought home a gold medal from the SA National Karate Championships. The championships took place on the 27th and 28th of February in Pretoria. This achievement is a first for Danjinamic Martial Art.

Well done, Evah. The BD's are incredibly proud of you.



**Evah Meyer**



**Coach Dennis Bogenhagen (left) with Evah Meyer**

Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication

KWARTAALTEMA
Wees 'n leier

TERM THEME
Be a leader

## RUGBY



**RUGBY UITSLAE:** 4 Maart

**Overberg Wealth & Risk Management** o.19A-span verloor 7-45 teen Hoërskool Tygerberg

Drie: Graham Eyles
Doelskop: Whalied Fortune

**Rola Ford** o.16A-span verloor 12-24 teen Hoërskool Tygerberg.

Drieë: Edmund O'Ehley, Dayton Hartnick
Doelskop: Edmund O'Ehley

## JEUGSKOU

'n Rekordgetal van 33 BD's het op 28 Februarie aan die Swellendam jeugskou deelgeneem. Van baie pret op die bus tot die erns van deelname, het hulle hulself ten volle geniet en die volgende uitslae behaal:

| | |
|---|---|
| **Kulinêrekuns**:<br>Junior:<br>Zea Prinsloo 1ste<br>Gabriella Dick 3de<br>Amber Swart 4de<br>Mia Neethling 5de<br>Daniëlle van Tonder deelname<br>Magda Mari Joubert deelname<br>Mikayla Davids deelname | Senior:<br>Reuben Syer 1ste<br>Lucy Turvey 2de<br>Lourens van Staden 3de<br>Mikayla de Jager 4de<br>Lina Tundenzwa 5de |
| **Selfoon fotografie**:<br>Junior:<br>Charne Pieters 1ste<br>Candice Leonard 2de<br>Raquelle Cupido 3de<br>Servaas Franken 4de<br>Jaylin Carollisen 5de<br><br>Senior:<br>Luche Fredericks 2de<br>Charmaine Strauss 3de | **Kamera fotografie**:<br>Junior:<br>Zeviola Newman 3de<br><br>Senior:<br>Leila Donald 1ste<br>Lyla Prinsloo 2de<br>Jessica Burger 5de<br>Marli van Zyl deelname |
| **Sierduiwe**:<br>Junior:<br>Mila Kriel 1ste<br>**Konyn**:<br>Junior:<br>Gite-Mari Malherbe 3de | **Suiwelbereiding**:<br>Senior:<br>Leslie-Ann Janse van Rensburg 1ste<br>Janko Rossouw 2de<br>Bradley Zindonda 3de |
| **Perde**:<br>Senior:<br>Jessica Flack 2de | **Pluimvee**:<br>Junior:<br>Wilmé Parsons 3de |








## RUITERKUNS

Jessica Flack en Nazli Morkel het by die Swellendam Skou aan ruiterkuns deelgeneem en die volgende uitslae behaal:

**Nazli Morkel:**
Ope Plesier perd alle ouderdome -4de
Ope Driegang ryperd 14 jaar en onder - 1ste
Ope beste ruiter 14 jaar en onder - 1ste
Ope Driegang ryperd kampioenskap- Reserwe kampioen
Ope Kampioen ruiter
Vlaam- senior kampioen merrie 5jr en oor - 1 en 2

**Jessica Flack:**
Ope- kampioen merrie alle ouderdomme - 1
Ope- beste stapper- 1
Ope- kampioen siertuig alle ouderdomme- 4
Ope- beste drawwer-5
Ope- driegang kinderryperd ruiter 18jr en onder- 5
Ope- dames siertuig- 4
Vlaam- dubbeltuig onder 18jr met hulp- 2
Ope- driegang plesiesperd ruiter onder 18jr- 5
Ope- driegang kinderruiter 18jr en onder- 5de
Alle ras- kostuumklas-3
Gekwalifiseer vir kampioen 3gang onder 18jr en kampioen ruiter albei ope.
















RENT TO BUY CARS
bp KWIK 'n GO TYRE & FITMENT CENTRE
Kalk Deli
CS Crop Solutions
NETCOM FIBER - WIRELESS - VOIP
Santam dis nou vryheid
BILTONGLAND BREDASDORP
THEUNS DE BRUIN KLINIESE SIELKUNDIGE
VIKING
ikamva
ELIM slaghuis butchery
Intshiba SA CERAMIC & COFFEE SHOP
NOTHNAGEL CONSULTING ENGINEERS
POSTNET
Gavin's Trattoria
Langezandt Properties
JANNIE ENGELBRECHT OPTOMETRIST
OVERBERG PRE-OWNED
Voermol
HEUNINGBERG MEDICAL 028 424 1101
Drs Barto Saayman & Johann Latsky
ARRIE NEL PHARMACY GROUP
DK REFRIGERATION & AIRCONS
moov ENERGY
SPUR
NATION MUSHROOMS
Twin D Tours
ANTOINETTE
SRS
STAR SIGNS
packtown
OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT
adelldesigns
JEB CONNECT
AGRIMARK
P & B LIME WORKS
P & B KALKWERKE
PAINTSMITHS
LBF PROKUREURS ATTORNEYS
Harcourts Cape Agulhas
www.anstroscientific.co.za
KING CHICKEN MONEY WELL SPENT
ROLA TOYOTA
LMI SKALE / SCALES
Bredasdorp
Tel: 028 425 1463
InteliGro intelligent crop solutions
ROLA Ford
OJ PLANT HIRE
AFRI POINT PLUMBING & GAS 078 832 6413
OVERBERG SPECIALITY FOODS
bvsa
CHAS EVERITT INTERNATIONAL PROPERTY GROUP
OVERBERG SINCE 1918
Build it
Gemini Alu
SUPERSPAR BREDASDORP